



Waarom dan so bedreig voel?



Standpunt
 Amanda Gouws

Môre vier ons Jeugdag. Dit is 'n dag waarop ons herinner word dat alle kinders in Suid-Afrika nie gelyk behandel is nie.

Daar is geglo dat swart kinders aan minderwaardige onderwys blootgestel kon word omdat hulle “anders” was – omdat hulle nie wit was nie. Dit was die begin van die einde van apartheid, maar ook die toediening van 'n langtermyn-knou vir Afrikaans, waardeur dit bekend sou word as “die taal van die onderdrukker”.

As ons mense as “die ander” beskou omdat hulle swart, gay of gestremd is, beteken dit dat daar 'n norm is waaraan hulle gemeet word – witheid of heteroseksualiteit of 'n gebrek aan gestremdheid. Hierdie proses van *othering* bepaal watter mense gemarginaliseer en uitgesonder word vir verwerping. Dink maar aan wat met die Jode onder Hitler se Nazi-regime gebeur het.

Aan die vooraand van Jeugdag is die Hoërskool D.F. Malan om al die verkeerde redes in die nuus. Dit is duidelik dat daar prosesse aan die werk is wat leerlinge wat anders is, uitsonder vir marginalisering en vernedering

deur homofobiese gedrag, wat blykbaar oogluikend toegelaat word.

'n Belangrike *teaching moment* het hier verlore gegaan – om kinders te leer dat dit wat anders is, nie noodwendig onaanvaarbaar is nie.

Ek kan my beroep op die Grondwet – dat daar 'n Handves van Regte is wat diskriminasie op grond van onder meer geslag, geslagtelikheid (gender) en seksuele oriëntasie verbied. Maar regte op 'n stuk papier beteken min as dit nie afdwing word nie. Diegene wat dit moet afdwing, is daardie mense in posisies van gesag teenoor kinders.

In die eerste plek is dit die ouers. Ouers is die eerste sosialisering-agente met wie kinders te make kry. Kinders skoei hul gedrag op dié van ouers. Die vuil taal wat 'n leerling op WhatsApp teenoor gay kinders geuiter het (soos berig in Sondag se *Rapport*), spreek van wat toelaatbaar is in die ruimtes waarin hierdie kind beweeg. 'n Mens wonder wat hierdie kind se ouers oor gay mense sê, watter homofobiese uitlatings as aanvaarbaar beskou word.

In die tweede plek is dit onderwysers. Hulle behoort rolmodelle te wees. Hulle behoort kinders te leer om verdraagsaam te wees, om andersheid te aanvaar deur empatie te hê. Dit is nie aanvaarbaar dat onderwysers gay kinders uitsonder en hulle dan blameer vir hul seksuele oriëntasie nie. Gay kinders is

baie kwesbaar en het aanvaarding en ondersteuning nodig. Dit beteken dat onderwysers boeliegedrag goedkeur.

Stel dit teenoor die heteroseksuele leerlinge wat gay leerlinge ondersteun, iets wat verwelkom behoort te word.

Ons moenie die invloed van sosiale media op die welstand van kinders onderskat nie. Ons weet hoeveel kinders al selfdood gepleeg het omdat hulle deur ander kinders geboelie is. Boelies voel baie bemagtig op sosiale media omdat hulle nie mense in die gesig hoef te kyk om hulle sleg te sê nie. Dit is altyd kenmerkend van lafaards.

Dat die leerling met die vuil mond godsdiens bysleep om sy gedrag te regverdig, is verwerplik. Om 'n Christen te wees, is juis om verdraagsaam te wees, om naasteliefde te hê.

Dit is egter so dat baie vorme van godsdiens onverdraagsaam is teenoor die “ander”. Dit floreer op homofobie, dit keur geslagsgelykheid af en dit probeer almal aftrek na 'n baie bedenklieke norm.

Die LGBTQI- en transgemeenskap is baie kleiner as die heteroseksuele gemeenskap. Waarom voel mense so bedreig deur diegene wat van die norm afwyk? Watter hoop is daar vir geslagsgelykheid as 'n goeie skool soos D.F. Malan so swak vaar?

■ Gouws is professor in politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch.

